

Rapport

Kamera! Ligte! Aksie! Fliekfabriek!

2010-08-21 22:07

Julian Jansen

Rolspelers hier en oorsee wag met geesdrif op die opening van die indrukwekkende rolprentkompleks Cape Town Film Studios (CTFS) van sowat R400?miljoen wat in Oktober sy deure oopmaak.

Met direkteure soos die rolprentvervaardiger Anant Singh (die CTFS se voorsitter) en mnr. Marcel Golding, word dié moderne kompleks – vier reuse-klank-ateljees, werkinkels en produksiekantore – as die eerste groot stap in die rolprentbedryf vir 'n Afrika-onderneming in swart besit beskryf. Dit word op 'n perseel van 200 ha opgerig.

Die uitvoerende hoof van Afrika se eerste moderne en hoë-tegnologie-fliekkompleks, mnr. Nico Dekker, sê “ná 90 jaar van rolprent skiet, kan die wêreld die eerste fliekkompleks in Afrika sien, wat in suiwer Hollywoodstyl gedoen is”.

Hy het pas in Los Angeles voorleggings oor “Afrika se nuwe tuiste van flieks” gedoen. “Met ons beplanning het ons aan oorsese rolspelers gevra: Indien julle nuwe ateljees sou bou, waarop sou julle wou verbeter. Ons het baie van hul antwoorde in die kompleks ingebou.”

Nou is die deure vir Hollywood na Suid-Afrika wawyd oop. Dekker het reeds 35 afsprake met verteenwoordigers van rolprentmaatskappye soos Disney, Warner Bros. en Paramount in sy dagboek.

Sowat 110 rolprentverwante maatskappye het aansoek gedoen vir permanente vestiging hier.

Daarby word besonderhede oor die CTFS se eerste groot projek in September, 'n 3D-rolprent, oor twee weke bekend gemaak. Dan wag nog vier “vreeslike groot” projekte ook nog!

Dekker sê WB2010 in Suid-Afrika het stukrag aan die Amerikaners se opgewondenheid vir die rolprentateljees hier verleen. “Suid-Afrika is nou in die visieveld van Amerika. Daarby is die beskikbare arbeid hier ook baie bekostigbaar.

“Hierdie kompleks is die nuwe tuiste van rolprente in Afrika. Alles het hier bymekaargekom, amper soos 'n orkes. Ons kan almal saamsing.

“Rolprentateljees is baie soos 'n fabriek en dit kan vinnig geld in 'n land inbring.”

Die CTFS sal die basis vir die plaaslike rolprentbedryf vorm. Met die berge, see en wynlande is daar baie asemrowende plekke in die nabye omgewing. Van hier is ook die Karoo en Namibië binne maklike bereik vir buitelanders.

“Suid-Afrika bied basies die hele wêreld binne sy grense waar enige toneel opgestel en geskiet kan word. Met ons uiteenlopende bevolking kan akteurs gekry word wat byna enige land se inwoners kan speel.”

Dekker meen die land kan baie uit Australië se rolprentbedryf leer. Daar is op drie temas gefokus: aansporings vir oorsese rolprentspanne, uitstekende infrastruktuur en goeie beleggings in die ontwikkeling van eie kundigheid. Daarom spog Australië met die meeste A-lysstre na Amerika en Engeland.

Plaaslike tegnisi en spesialiste gaan beslis baat vind by die nuwe kompleks. Sowat 50% van die CTFS se spesialiste kom uit voorheen benadeelde gebiede.

Dekker se droom is om die eerste akademie vir rolprenttegnici hier te open.

Hy het Rapport op 'n toer deur die “produksiefabriek” van 17 000 m² met sy vier reuse-klankateljees geneem.

Die vloere kan die gewig van water wat 5 m diep is dra. Oorhoofse staalstrukture kan toerusting van 300 t met gemak dra. In 'n teater sal rolprentredigering (as 'n eerste) op 'n groot skerm eerder as op 'n rekenaarskerm gedoen word.

Binnekort beweeg die landskap-ondernemings in en daarna is dit: “Kamera. Ligte. Aksie!”



Die reuse-rolprentateljeekompleks buite Faure, naby Kaapstad, met die panoramiese blou berge op die agtergrond. Foto: CTFS

